



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE

FEBRUARIE/MAART 2011

MEMORANDUM

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word verskaf as antwoorde op die volgende vrae.

- | | | | |
|--------|----------------------------|----------|------|
| 1.1.1 | B – aanbod-gedrewe ✓✓ | | |
| 1.1.2 | C – openbare ✓✓ | | |
| 1.1.3 | C – produksie ✓✓ | | |
| 1.1.4 | C – nywerheid ✓✓ | | |
| 1.1.5 | B – ewewig ✓✓ | | |
| 1.1.6 | A – ceteris paribus ✓✓ | | |
| 1.1.7 | C – vraag-kant ✓✓ | | |
| 1.1.8 | B – ekonomiese aanwyser ✓✓ | | |
| 1.1.9 | A – toegevoegde waarde ✓✓ | | |
| 1.1.10 | A – private voordeel ✓✓ | | |
| 1.1.11 | B – algemene prysvlak ✓✓ | | |
| 1.1.12 | B – besteding ✓✓ | (12 x 2) | (24) |

1.2 Gee EEN term vir elk van die beskrywings deur 'n term te kies uit die lys.

- | | | | |
|-------|---|---------|------|
| 1.2.1 | Bewegende gemiddelde ✓✓ | | |
| 1.2.2 | Volmaakte mark ✓✓ | | |
| 1.2.3 | Algemene Ooreenkoms op Tariewe en Handel ✓✓ | | |
| 1.2.4 | Inflasieteikens ✓✓ | | |
| 1.2.5 | Nie-hernubare ✓✓ | (5 x 2) | (10) |

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A.

- | | | | |
|-------|--|---------|-------------|
| 1.3.1 | C – eksogene faktor wat sakesiklusse beïnvloed ✓✓ | | |
| 1.3.2 | E – aanbod van goedere en dienste ✓✓ | | |
| 1.3.3 | F – die beste produksie moontlik is nie bereik nie. ✓✓ | | |
| 1.3.4 | G – dit illustreer die verwantskap tussen werkloosheid en inflasie. ✓✓ | | |
| 1.3.5 | B – die graad van ongelykheid in die verdeling van inkome ✓✓
D – bereken as 'n sekere bedrag per eenheid, massa of grootte van 'n artikel. ✓✓ | | |
| 1.3.6 | A – beboet vir die nadelige gevolge vir die omgewing op produksie of verbruik. ✓✓ | | |
| 1.3.7 | H – verbruik deur een persoon verlaag geensins die verbruik deur iemand anders nie ✓✓ | (8 x 2) | (16) |
| 1.3.8 | | | [50] |

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2 LU1 AS1 - AS4**2.1 Kies die korrekte woord tussen hakies:**

2.1.1 absolute ✓✓

2.1.2 piek ✓✓

2.1.3 opswaai ✓✓

2.1.4 hoë ✓✓ (4 x 2) (8)

2.2 Noem enige DRIE faktore wat die vraag na buitelandse valuta bv. die VSA-dollar beïnvloed.

- Suid-Afrikaners besoek die VSA ✓✓
- Invoere vanaf VSA ✓✓
- VSA verkry lenings vanuit Suid-Afrika ✓✓
- Dienste gelewer deur die VSA ✓✓
- SA betaal rente en dividende aan die VSA ✓✓
- Terugbetaling van lenings ✓✓
- Belegging in die VSA ✓✓

(Enige 3 x 2) (6)

2.3 Bestudeer die begrotingsinligting en beantwoord die vrae wat volg.

2.3.1 Februarie ✓✓ (2)

2.3.2 Inkomstebelasting ✓✓ (2)

2.3.3 tekort ✓✓ (R642 990 m. – R738 562 m.) ✓ = -R95 572 m. ✓ (4)

2.3.4 Dit bestaan uit 'n 3 jaar- aaneenlopende uitgawe-en-inkomste-projekisie vir die nasionale en provinsiale owerhede, aangebied teen die agtergrond van ekonomiese en fiskale doelwitte en vooruitsigte vir die ekonomie ✓✓ (2)

2.4 2.4.1 Die betalingsbalans is 'n sistematiese rekord van 'n land se handel en finansiële transaksies met die res van die wêreld. ✓✓ (2)

2.4.2 2005 ✓✓ (2)

2.4.3 'n Negatiewe effek/toename in tekort ✓✓ dit is duidelik uit die gegewe syfers, dat die tekort toeneem van jaar tot jaar ✓✓ (4)

2.4.4 Negatiewe neiging ✓✓ (2)

2.5 Bespreek die tendenslyn in die voorspelling van sakesiklusse.

Tendenslyn:

- Dit verteenwoordig die gemiddelde posisie van 'n siklus ✓✓
 - Dui die algemene rigting aan waarin die ekonomie beweeg ✓✓
 - 'n Opwaarde neiging stel 'n groeiende ekonomie voor ✓✓
 - Tendenslyn het gewoonlik 'n positiewe helling, omdat produksiekapasiteit toeneem oor tyd ✓✓
 - Diagram toon tendenslyn ✓✓
- Aanvaar enige ander relevante feite ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

2.6 Bespreek merietegoedere as oorsaak van markmislukking.

- Sekere goedere is hoog in aanvraag vir die algemene welsyn van die mense van 'n land en is dikwels nie hoog geag deur die mark nie ✓✓
 - As mense markpryse daarvoor moes betaal, sal relatief te min daarvan verbruik word ✓✓
 - In daardie sin, het die mark misluk, tot die nadeel van die ekonomie en die gemeenskap ✓✓
 - Voorbeelde van sulke goedere is gesondheidsorg en onderwys ✓✓
 - Slegs 'n paar mense sou betaal het vir onderrig as hulle die volle koste moes dra ✓✓
- (Enige 4 x 2) (8)

[50]

VRAAG 3: LU2 AS1 – AS3**3.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.**

3.1.1 oligopolie ✓✓

3.1.2 vry ✓✓

3.1.3 straatligte ✓✓

3.1.4 'n mark ✓✓

(4 x 2) (8)

3.2 Noem enige DRIE mikpunte van die mededingingsbeleid

- Voorkom die misbruik van ekonomiese mag bv. Monopolis ✓✓
- Reguleer die groei van mag op die mark deur middel van oornames en samesmelting ✓✓
- Voorkom beperkende praktyke bv. die vasstel van verkoopspryse ✓✓
- Verbeter doeltreffendheid van markte ✓✓
- Verseker effektiewe bestaan van mededinging ✓✓
- Verbeter gelykheid in markte deur toegang te verseker van daardie mense wat voorheen benadeel was, nou 'n gelyke geleentheid tot deelname in die ekonomie te verseker ✓✓
- Bydrae tot ontwikkelingsmikpunte ✓✓

(Enige 3 x 2) (6)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

3.3.1 Subsidie: finansiële toelae of ander hulpbronne wat die regering betaal vir die produksie van 'n goed, 'n diens of 'n persoon ✓✓

(2)

3.3.2 Direk: bv. kontanttoelae, rentevrye lenings ✓✓

OF

Indirek: rente-afslag, toelaes om uitgawes te dek ✓✓

(2)


3.3.3 Die grafiek illustreer die volgende:

- Die subsidie verminder die produksiekoste ✓✓
 - Daarom produseer boere meer mielies en die aanbodkromme SS, verskuif regs, na S_1S_1 . ✓✓
 - Dit lei tot 'n afname in die markprys van mielies/koring van PP na $P_1 P_1$, ✓✓
 - 'n Toename in die hoeveelheid aangebied van Q na Q_1 . ✓✓
- Aanvaar enige ander relevante verduideliking. (Enige 3 x 2) (6)

3.4 Bestudeer die grafieke en beantwoord die vrae wat volg.

- 3.4.1 Grafiek B ✓✓ (2)
- 3.4.2 Normale wins is 'n situasie waar die totale inkomste presies gelyk is aan totale koste – 'n bedrag wat die entrepreneur self betaal – uitgawe – minimum verdienste vereis om te voorkom dat die entrepreneur die produksiesektor verlaat/GI = GK ✓✓✓ (3)
- 3.4.3 E_2 waar $MI = MK$ ✓✓ (2)
- 3.4.4 $(R6 \times 60) - (R8 \times 60) =$ totale ekonomiese verlies ✓
 $R360 - R480 = -R120$ ✓✓ (3)

3.5 Gebruik die onderstaande grafiek om korttermyn- ekonomiese wins vir die volmaak mededingende besigheid te beskryf.



- 3.5.1 Die GK-kromme verteenwoordig die gemiddelde totale koste oor die kort termyn ✓✓ In die bostaande grafiek, is die minimumpunt van die korttermyn gemiddelde kostekromme (GK) minder as die markprys, P_2 ✓✓ Of die besigheid 'n wins of 'n verlies maak, hang af van die ligging van die korttermyn gemiddelde kostekromme (GK) in verhouding tot die markprys as die besigheid in ewewig is ✓✓
- 3.5.2 Die besigheid is in ewewig by punt e_2 , ✓✓ waar $MI = MK$ en die besigheid sal dus hoeveelheid Q_2 produseer teen die markprys P_2 ✓✓
- 3.5.3 Om 'n besigheid se wins of verlies te bepaal, moet die totale produksiekoste afgetrek word van die totale inkomste ✓✓ Totale inkomste is daarom gelyk aan $0P_2 \times 0Q_2$ ✓✓ en totale koste is gelyk aan $0P_1 \times 0Q_2$ ✓✓
- 3.5.4 Totale inkomste oorskry dus totale koste, wat beteken dat die besigheid 'n ekonomiese wins maak ✓✓ dit word verteenwoordig deur die area $P_2e_2RP_1$. ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

3.6 Bespreek enige TWEE kenmerke van 'n tipiese oligopolie.

- Tipe produk ✓✓ homogeen (suiwer oligopolie) of gedifferensieerd (gedifferensieerde oligopolie) ✓✓
- Toetrede ✓✓ nuwe produsente het vrye toetrede, alhoewel nie maklik sigbaar nie – slegs 'n paar besighede in die mark ✓✓
- Beheer oor pryse ✓✓ produsente het oor die algemeen aansienlike beheer oor die pryse van produkte ✓✓
- Wedersydse afhanklikheid ✓✓ slegs 'n paar besighede – beïnvloed deur ander se aksies – mededingers reageer ✓✓

Enige ander relevante feite.

(Enige 4 x 2)

(8)

[50]

4.4.3 Gee enige TWEE redes vir die hoë armoedekoers, wat vir al drie provinsies, genoem in VRAAG 4.4.2, geld.

- Hoë ongeletterdheidsvlakke ✓✓
- Hoë sterftekoerse ✓✓
- Wanvoeding ✓✓
- Swak skoolbywoning ✓✓
- Drankmisbruik/Misdaad ✓✓
- Hoë werkloosheid ✓✓

Enige ander relevante antwoord

(Enige 2 X 2)

(4)

4.5 Bespreek indiensname as deel van die evaluering van Suid-Afrika se ekonomiese groeibeleide.

- Indiensname in nie-landbou sektore daal ✓✓
- GEAR stel 'n klimaat van werkskepping voor deur die privaatsektor ✓✓
- Word meer doeltreffend in internasionale mededinging ✓✓
- Arbeidsproduktiwiteit styg ✓✓
- Die werkloosheidskoers daal van 14% in 1994 tot 26% in 2005 ✓✓
- Alhoewel indiensname styg, was dit hoofsaaklik te danke aan informelesektor-aktiwiteite ✓✓

(Enige 4 x 2)

(8)

4.6 Verduidelik enige TWEE hoofverskille tussen ontwikkelde lande in die Noorde en die ontwikkelende lande in die Suide (Noord/Suidverdeling).

NOORDEKANT Ontwikkelde lande	SUIDEKANT Ontwikkelende lande
Per capita-inkome – 87% geproduseer deur 15% van wêreld se bevolking ✓✓	85% van wêreldbevolking leef op 1/5 van wêreld se inkome ✓✓
Lewensverwagting is hoog in ontwikkelde lande = 75 jaar ✓✓	Lewensverwagting in ontwikkelende lande is laag a.g.v. wanvoeding, siektes en swak gesondheid = 48 jaar ✓✓
Onderwysvlak is hoog – almal is geletterd ✓✓	Onderwysvlak is laag – slegs 46% volwassenes is geletterd ✓✓
Handel: ryk lande subsidieer produksie – ontwikkelende lande kan nie meeding nie ✓✓	Handel: ontwikkelende lande is gemarginaliseer deur subsidies ✓✓
Massaverbruik van olie en steenkool – beskadig osoonlaag – lug, water, geraasbesoedeling en toksiese afval ✓✓	Fokus op landbou – bodemgehalte, voldoende reënval en gesonde oeste – verswakking en uitputting van grond, water en gewasse – produseer nie voldoende voedsel nie – hongersnood en wanvoeding ✓✓
(2 x 2)	(2 x 2)

Aanvaar enige ander relevante formaat.

(8)

[50]

VRAAG 5: LU4 AS1 – AS4**5.1 Kies die korrekte woord tussen hakies:**

5.1.1 Eksternaliteit ✓✓

5.1.2 ontbossing ✓✓

5.1.3 die vraag na uitvoere ✓✓

5.1.4 gasvryheid- ✓✓

(4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE inheemse kunsvorme in Suid-Afrika.

- Rotstekeninge ✓✓
- Kralewerk ✓✓
- Teëlwerk ✓✓
- Wapens ✓✓
- Tradisionele klere ✓✓
- Pottebakkerie ✓✓

Aanvaar enige ander relevante vorme.

(Enige 3 x 2) (6)

5.3 Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

- 5.3.1
- Politieke stabiliteit ✓✓✓
 - Geweld ✓✓✓
 - Oorloë/Skokke ✓✓✓
 - Misdad ✓✓✓

Enige ander relevante antwoord

(Enige 1 x 3) (3)

- 5.3.2
- Die vermenigvuldiger omskryf die feit dat 'n verandering in besteding 'n impak het op inkome wat groter is as die oorspronklike verandering in besteding. ✓✓
 - Private verbruiksbesteding sal aansienlik verhoog ✓✓
 - Groter vraag na plaaslike goedere en dienste ✓✓
 - Lei tot 'n toename in BBP ✓✓
 - Groter volume uitvoere ✓✓
 - Styging in werkskepping ✓✓
 - Toename in nasionale inkome ✓✓
 - Regstelling van betalingsbalansonelewigtigheid ✓✓

(Enige 2 x 2) (4)

5.3.3 Ja ✓ bv. infrastruktuur-ontwikkeling ✓✓

Nee ✓ bv. nie baie volhoubare werksgeleenthede word geskep nie ✓✓

Aanvaar enige ander motivering wat ooreenstem met die antwoord.

(3)

5.4 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

- 5.4.1
- Hulle het nie genoegsame inkombronne nie ✓✓
 - Hulle wil hulpbron-toedeling verbeter ✓✓
 - Dit verskaf 'n ekstra bron van inkomste aan die provinsies ✓ (2)
- 5.4.2
- Belastinge ✓✓
 - Heffings ✓✓
 - Doeaneregte ✓✓
 - Bobelasting ✓✓
 - Verbruikerstariewe + voertuiglisensiefooie ✓✓
 - Lenings ✓✓
 - Tolgeldfooie ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 5.4.3
- Inflasie sal toeneem ✓✓ vervoerkoste styg en lei tot hoër produkpryse ✓✓
 - Verbruikersbesteding daal ✓✓ minder besteebare inkomste ✓✓
 - Deel saamrygeleenthede/saamryklubs ✓✓
 - Rimpeleffek ✓✓
- Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

5.5 Bespreek hooflyn- en VPI-inflasie as tipes verbruikersinflasie.

- Hooflyninflasie
 - Gemet deur die Verbruikersprysindeks (VPI). ✓✓
 - Verteenwoordig die koste van die /inkopiemandjie' van goedere en dienste van 'n tipies Suid-Afrikaanse huishouding ✓✓
 - Die onaangepaste VPI-inflasiekoers staan ook bekend as hooflyn-inflasie. ✓✓ (2 x 2)
 - VPI-inflasie
 - Rentekoerse is die vernaamste monetêre instrument gebruik deur die SARB om inflasie hok te slaan ✓✓
 - Vernaamste aanwyser van inflasie in sy najaag van die inflasietekens gestel deur die Reserwebank ✓✓
- Aanvaar enige ander relevante feite. (2 x 2) (8)

5.6 Sedert die 1970's is internasionale byeenkomste gereël om volhoubare ontwikkeling aan te spreek. Bespreek besluite by enige TWEE van hierdie byeenkomste geneem en toon aan hoe Suid-Afrika gepoog het om dit te implementeer.

Stockholm Konferensie:

- Erken dat vinnige veranderinge in wetenskap en tegnologie aan mense die mag gee om hul omgewing te verander ✓✓
- Beide natuurlike en mensgemaakte omgewing is noodsaaklik vir die mensdom se welstand en vir die genieting van basiese menseregte. ✓✓ (Enige 2 x 2)

Rio de Janeiro:

- Die aardberaad stig nuwe en onpartydige wêreldvennootskappe deur die skepping van nuwe vlakke van samewerking tussen state, sleutelsektore of gemeenskappe en mense ✓✓
- Ooreenkoms dat mense in die middelpunt van volhoubare ontwikkeling is en geregtig op 'n gesonde en produktiewe lewe in harmonie met die natuur ✓✓
- Agenda 21: sosiale en ekonomiese kwessies (armoede, verbruikspatrone, beskerm en verbeter gesondheid) ✓✓; bewaring en bestuur van hulpbronne (atmosfeer, ontbossing, oseane, varswaterhulpbronne, afvalmateriaal) ✓✓
- Rio Plus 5 besef dat globalisering sommige lande verarm (lae vlak van groei) ✓✓ – watter plek, aandeel en voordele daar vir 'n globale stelsel is.
(Enige 2 x 2)

Johannesburg Beraad van volhoubare ontwikkeling:

- Fokus belangstelling op verskillende uitdagings (verhoog mense se lewens, bewaar natuurlike hulpbronne, voortdurende toename in vraag na voedsel, water, beskutting, sanitasie) ✓✓
- Onderskeid tussen ryk en arm skeep groot bedreiging vir wêreldvoortgang en stabiliteit ✓✓
(Enige 2 x 2)

(8)
[50]

VRAAG 6: LU1 & LU3 AS1 – AS4**6.1 Kies die korrekte word tussen hakies:**

- 6.1.1 wissel ✓✓
- 6.1.2 Vaardigheidsondersteuningsprogram ✓✓
- 6.1.3 Die vermenigvuldiger ✓✓
- 6.1.4 Indiensname Gelykstellingswet ✓✓ (4 X 2) (8)

6.2 Noem enige DRIE redes vir internasionale handel.

- Produksiefaktore is oneweredig versprei ✓✓
 - Klimaat verskil van land tot land ✓✓
 - Nie al die lande geniet dieselfde beskikbaarheid van tegnologie nie ✓✓
 - Nie alle lande het 'n opgeleide, geskoolde en produktiewe werksmag nie ✓✓
 - Beginsel van absolute- en vergelykende kostevoordeel ✓✓
- Enige ander relevante vorme. (Enige 3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

- 6.3.1 R2 150 203 ✓✓✓ (3)
- 6.3.2 R2 407 689 ✓✓✓ (3)
- 6.3.3 Inkome metode ✓✓ (2)
- 6.3.4 Produksie (waarde toegevoegde) metode / Bestedingsmetode ✓✓ (2)

6.4 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

- 6.4.1 Statistiek wat die gedrag van een of ander ekonomiese veranderlike toon ✓✓✓ (3)
- 6.4.2
- Ekonomiese groei ✓✓
 - Totale produksie ✓✓
 - Produksiekapasiteit van 'n land ✓✓
- Enige ander relevante feit. (Enige 1 X 2) (2)
- 6.4.3 $\frac{\text{Reële BBP}}{\text{Bevolking}}$ ✓ (2)
- 6.4.4 $\frac{R1\ 595\ 874}{35\ 909}$ ✓
= 44.44 miljoen (3)

6.5 Bespreek skaalvoordele en innovering as argumente ten gunste van vryhandel.

SKAALVOORDELE:

- Handel laat toe dat skaalvoordele gemaksimeer word en sodoende daal eenheidskoste ✓✓
- Skaalvoordele skep komparatiewe voordele ✓✓

INNOVERING:

- Vryhandel impliseer mededinging ✓✓
- 'n Gebrek aan vryhandel veroorsaak dikwels dat plaaslike market oorheers word deur 'n paar besighede wat dit vermy om met mekaar mee te ding ✓✓
- Mededinging is 'n kragtige aansporing vir innovasie ✓✓
- Nie alleen word nuwe goedere en dienste op die mark geplaas nie, maar besighede ding ook mee om produksiemetodes te vind wat kostebesparend is, en die kwaliteit en betroubaarheid van goedere verbeter ✓✓

(2 X 4)

(8)

6.6 Bespreek die veranderinge in die wisselkoers as deel van die owerheid se beleid om volgehoue onewewigtighede (disekwilibria) in die betalingsbalans.

VRY SWEWENDE WISSELKOERSE ✓✓

- Dit werk outomaties ✓✓
- As invoere toeneem, styg die vraag na buitelandse valuta ✓✓
- Die geldeenheid depresieer as gevolg van die werking van markkragte ✓✓
- Depresiasie maak invoere duurder in die land waar die geldeenheid depresieer en uitvoere goedkoper in die buiteland ✓✓
- Invoere daal en uitvoere styg, en die geldeenheid appresieer ✓✓

BEHEERDE SWEWENDE WISSELKOERSE ✓✓

- Sentrale banke gebruik hul reserwes om depresiasies en appresiasies te laat plaasvind ✓✓
- Oor die langtyermyn moet geldeenhede hul ewewigsvlakke vind ✓✓

VASTE WISSELKOERSE ✓✓

- Geldeenhede word gedevalueer en gerevalueer ✓✓ (Enige 2 X 4)

(8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Opstelantwoorde:

- Behoort 'n inleiding, inhoud en gevolgtrekking in te sluit.
- Vir die inleiding en gevolgtrekking sal vyf punte toegeken word.
- Vyf punte sal vir die interpretasie van die onderwerp toegeken word.
- 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.

VRAAG 7


Bespreek in besonderhede, aan die hand van 'n duidelik benoemde diagram, die interaksie tussen die vier deelnemers in die ekonomiese kringloopmodel. [50]

INLEIDING

Die ekonomiesekringloop-vloeimodel is 'n eenvoudige wyse waarop die ekonomie werk en die verwantskap tussen inkomme, produksie en besteding in die ekonomie as 'n geheel. Die ekonomiesekringloop-vloeimodel van 'n oop ekonomie toon die werking van 'n ekonomie wat oop is vir buitelandse handel. Dit verskil van 'n geslote ekonomie, omdat die buitelandse sektor ingesluit word. ✓✓✓ (maks 3)

Aanvaar enige ander relevante inleiding.

INHOUD



Aanvaar enige ander duidelik benoemde diagram

(maks 12)

- Daar is 'n vloei van geld en goedere en dienste tussen die **huishoudelike sektor en die besigheidsektor** ✓✓ Huishoudings verdien inkomste in die vorm van lone deur die verkoop van produksiefaktore aan ondernemings. ✓✓ Ondernemings gebruik produksiefaktore om goedere en dienste te produseer waarop huishoudings hul inkomste spandeer ✓✓ Die besigheid ontvang dus 'n inkomste. ✓✓
- Daar is 'n vloei van geld en goedere en dienste tussen die **huishoudelike sektor en die staat** ✓✓ Die huishoudelike sektor verskaf arbeid aan die staat en ontvang 'n inkomste ✓ Die staat voorsien publieke goedere en dienste aan huishoudings ✓✓ bv. parke en hospitale ✓✓ waarvoor hulle (huishoudings) belasting betaal ✓✓ Dit is 'n inkomste vir die staat. ✓✓
- Daar is 'n vloei van geld en goedere en dienste tussen die **besigheidsektor en die staat** ✓✓ Die besigheidsektor verskaf die staat van goedere en dienste waarvoor die staat betaal. ✓✓ Die staat voorsien die besigheidsektor van publieke goedere en dienste waarvoor hulle belasting in ruil betaal ✓✓
- Daar is 'n vloei van goedere (invoere) na die **besighede vanaf die buitelandse sektor** ✓✓ waarvoor die besigheid betaal ✓✓ Dit word beskou as 'n uitgawe vir die besigheid ✓✓ Daar is ook 'n vloei van goedere vanaf die besigheid na die buitelandse sektor ✓✓ Dit is 'n inkomste vir die besigheid. ✓✓
- Die finansiële sektor bestaan uit banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse ✓✓ Hulle tree op as verbinding tussen huishoudings en besighede wat surplusgeld het teenoor dié wat 'n tekort aan fondse ervaar ✓✓ Die geld wat huishoudings en besighede voorsien aan die finansiële sektor staan bekend as spare ✓✓ Die besteding op kapitaal toerusting deur besighede word gesien as belegging. ✓✓
(Enige 14 x 2)

SLOT

Enige toepaslike slot. ✓✓

(Maks 2)

Gebruik die volgende assesseringsruit tesame met bogenoemde om die bespreking te assesser:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind feite met die onderwerp. (31 – 45)

(Maks 5 punte)

[50]

VRAAG 8

Bespreek monopolie as 'n markstruktuur. Vergelyk in jou bespreking hierdie mark met toestande van volmaakte mededinging.

[50]**INLEIDING**


'n Monopolie is die alleenverskaffer van 'n produk of diens ✓✓✓ (Maks 3)
Aanvaar enige ander relevante inleiding.

INHOUD**1. Definisie van 'n monopolie:**

- Die woord monopolie is ontleen van die Grieks woord **monos** wat enkel beteken en **polein** wat verkoop beteken ✓✓
- In sy suiwerste vorm, is 'n monopolie 'n markstruktuur waar daar **slegs een verkoper** van 'n goed of diens is met geen naby substitute nie. ✓✓
- Dit is die **teenoorgestelde markstruktuur** van volmaakte mededinging ✓✓
- Verbruikers kan nie die produk by enige ander produsent koop as die monopolis nie. ✓✓
- 'n Verdere vereiste is dat **toegang tot die mark** volkome geblokkeer is. ✓✓

2. Kenmerke/eienskappe van 'n monopolie:

- **Hulle word met vraagkrommes gekonfronteer** ✓✓
Monopolieë word ook gekonfronteer met 'n vraagkromme vir hul produk, maar omdat hulle die enigste verskaffer van die produk is, kan hulle besluit by watter punt op die vraagkromme hul wil wees. ✓✓
Omdat die monopolis die enigste verskaffer van die produk op die mark is, is die vraagkromme waarmee die monopolis gekonfronteer word, dié van die mark as 'n geheel ✓✓ dit is die markvraagkromme ✓✓ wat afwaarts neig van links na regs. ✓✓

Vraagkromme

Grafiek is korrek getrek: 2 punte

- **Hulle besluit op hul produksievlakke** ✓✓

Slegs 'n monopolis kan besluit oor die prys, die hoeveelheid te koop, wat bepaal word deur die markvraag ✓✓

Deur die prys te verminder, kan monopoliste meer eenhede van die produk verkoop, en omgekeerd. ✓✓

Die monopoliste kan die prys/hoeveelheid-verhouding van die produk wat hulle verkoop, aansienlik beïnvloed. ✓✓

Ander deelnemers kan nie optree nie, omdat 'n basiese vereiste vir die bestaan van 'n monopolie is, dat toetreders tot die mark totaal geblokkeer is. ✓✓

- **Hulle word blootgestel aan markkragte** ✓✓

Alhoewel die monopolis die enigste verskaffer van 'n produk is, word die produk steeds beïnvloed deur markkragte in die ekonomie ✓✓

B.v. verbruikers het beperkte begrotings en daarom kan monopoliste nie buitengewone pryse vir hul produkte vra nie. ✓✓

Die monopolis se produk moet kompeteer met die verbruikersvoorkeure vir alle ander produkte beskikbaar in die ekonomie. ✓✓

- **Hulle kom voor substitute te staan** ✓✓

Daar is egter 'n paar produkte wat nie naby substitute het nie. ✓✓

b.v. alhoewel daar nie mededinging vir telefoondienste in Suid-Afrika was vir baie jare nie, kon verbruikers steeds alternatiewe vorme van kommunikasie, soos briewe en boodskappe oorweeg. ✓✓

- **Hulle kan verbruikers uitbuit** ✓✓

Omdat 'n monopolis die enigste verskaffer van 'n produk is, is daar altyd die moontlikheid van uitbuiting van die verbruiker ✓✓

Die staat waak voortdurend teen bestaande en nuwe monopolieë.

Bv. die Wet op Mededinging, 89 van 1998 ✓✓

- **Hulle word teen toegang beskerm** ✓✓

- **Hoë ontwikkelingskoste** ✓✓

Bv. Eskom/Spoorweë ✓✓

Dit word normaalweg gereguleer deur die staat ✓✓

- **Geniet gunstige omstandighede. beperkte grootte van markte** ✓✓

Soms geniet 'n entrepreneur gunstige toestande in sekere geografiese gebiede ✓✓

Bv. daar mag slegs een verskaffer van melk wees in 'n sekere dorp, of hardewarewinkel, of hotel in die omgewing. ✓✓

- **Die eksklusiewe besit van grondstowwe** ✓✓

Bv. De Beers Consolidated Mines. ✓✓

- **Patent**, is die wetlike reg waarvolgens 'n patenthouer die eksklusiewe reg tot vervaardiging van 'n produk verkry ✓✓

Bv. Kreepy Krauly ✓✓

- **Lisensiëring**, is 'n ander vorm van kunsmatige monopolie ✓✓

Bv. SABC/Cell C/Vodacom/MTN ✓✓

- **Wetlike beperkings**, waar wette hulle beskerm ✓✓
Bv. Die Poskantoor in Suid-Afrika. ✓✓
- **Tegnologiese superioriteit**, waar 'n besigheid se tegnologiese kennis enige ander potensiële mededinger ver in die skadu stel ✓✓
Bv. Microsoft ✓✓
- **Doelbewuste skep van toetree-hindernisse** ✓✓
Bv. Begin nuwe duur regsaksies teen nuwe oortreders ✓✓ (Maks 32)

Vergelyking tussen 'n monopolie en volmaakte mededinging:

Eienskap/Kriteria	Monopolie	Volmaakte mededinging
Aantal firmas ✓	• Slegs een verkoper en baie kopers	• Groot aantal kopers en verkopers ✓/ • Geen firma kan markprys beïnvloed nie
Aard van produk ✓	• 'n Unieke produk met geen naby substitute	• Produkte is homogeen ✓
Toetrede ✓	• Totaal geblokkeer	• Volmaakte vryheid ✓
Inligting ✓	• Beide kopers en verkopers het volledige kennis van alle marktoestande	• Beide kopers en verkopers het volledige kennis van alle marktoestande ✓
Samespanning ✓	• Irrelevant	• Onmoontlik ✓
Besighede beheer die prys van die produk ✓	• Aansienlik, maar beperk deur markvraag en doelwit van winsmaksimering	• Geen ✓
Vraagkromme vir die besigheid se produk ✓	• Gelyk aan markvraagkromme	• Horisontaal ✓ (Volmaak elasties)
Langtermyn-ekonomiese wins ✓	• Kan positief wees	• Zero (normale wins alleenlik) ✓

(Maks 8)

SLOT

Uit die bostaande bespreking is dit duidelik dat volmaakte mededinging voldoen aan die kriteria vir toegekende en produktiewe doeltreffendheid. In kontras doen die monopolie dit nie ✓✓ (Maks 2)

Gebruik die volgende assesseringsruut saam met die bogenoemde bespreking:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreter onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreter onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 – 45)

VRAAG 9

Bespreek Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e) en Nywerheidsontwikkelingsones (NOS's) as deel van Suid-Afrika se streeksnywerheidsontwikkeling. Beklemtoon in jou bespreking die finansiële aansporings van die staat.

[50]**INLEIDING**

Suid-Afrika se oorkoepelende mikpunt vir Nywerheidsontwikkelingsbeleid is om internasionale mededinging in al nege provinsies te verseker, met die doel om probleme van werkloosheid, armoede en onderontwikkeling te oorkom ✓✓✓

Aanvaar enige ander relevante inleiding. (Maks 3)

INHOUD**1. RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSINISIATIEWE**

- ROI-programme trek infrastruktuur en besigheidsbeleggings na onderontwikkelde gebiede met die primêre doel om werk te skep ✓✓
- Departement van Handel en Nywerheid is die dryfkrag agter nywerheids- en ruimtelike ontwikkeling ✓✓
- DHN beplan tesame met sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede, NOK, parastatale en navorsingsinstitute ✓✓
- Nywerheidsontwikkelingsbeleid Program (Ruimtelike Ontwikkeling) het 2 fokuspunte: - ruimtelike ontwikkelingsinisiatief (ROI) en - finansiële insentiewe ✓✓
- ROI verwys na die nasionale owerheidinisiatief-programme gerig op ontsluiting van inherente en ondergebruikte ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van sekere spesifieke ruimtelike gebiede in SA. ✓✓
- Sleutelmikpunte:
 - Stimuleer ekonomiese aktiwiteit in selektiewe strategiese gebiede ✓✓
 - Genereer ekonomiese groei en bevorder volhoubare nywerheidsontwikkeling ✓✓
 - Ontwikkel projekte of infrastruktuur in sekere areas en finansier hulle deur lenings en privaatsektor-investering ✓✓
 - Skep privaat-publieke vennootskappe (PPV's) ✓✓
- In areas met hoë armoede en werkloosheid, ROI fokus op:
 - Hoë-vlak ondersteuning in areas waar sosio-ekonomiese toestande gekonsentreerde owerheidsbystand vereis ✓✓
 - Waar inherente ekonomiese potensiaal bestaan ✓✓
- Die benadering is gerig op internasionale mededingendheid, streeksamewerking en 'n meer gediversifiseerde eienaarskapsbasis ✓✓
- Sekere van die vernaamste fokuspunte van die ROI-program is:
 - Lubombo Korridor (agritoerisme, onderwys, kundigheid, nywerheids- en landbousektore) ✓✓
 - KwaZulu-Natal (hawens van Durban en Richardsbaai) ✓✓
 - Weskus ROI (visvangs en nywerheidshawe) ✓✓
 - Kus-tot-Kus Korridor met (nywerhede, toerisme en vervoer) ✓✓

Korridors: 'n strook land wat 'n deurgang vorm van een gebied tot 'n ander en spesifieke voordele bied wat mynbou, vervaardiging en ander ondernemings betref ✓✓

- Twee tipes: binnelandse korridor ✓✓ bv. Lubombo, Weskus, Visrivier ✓✓
- **Korridors** buite die Suid-Afrikaanse grense (SAOG) ✓✓ bv. Maputo Ontwikkelingskorridor, Mosambiek. ✓✓
- Redes vir ondersteuning van Suid-Afrika se streeksintegrasie in Suidelike Afrika:
 - Het politieke en stabiele bure ✓✓
 - Het belangrike uitvoermarkte en 'n toekomstige bron van water en energievoorsiening ✓✓
 - Integrasie mag 'n voorvereiste wees vir ondersteuning van buitelandse beleggers, donateurs en multilaterale instellings ✓✓
 - 'n Gesonde streeksvervoerstelsel en 'n soliede infrastruktuurbasis hou die sleutel tot aantrek van belegging na die SAOG-streek – verbeter mededingendheid en bevorder handel ✓✓
- Voordele van korridorontwikkeling:
 - Groter vlakke van ekonomiese bekwaamheid en produktiwiteit ✓✓
 - Kompakte stedelike vorming ✓✓
 - Korridorontwikkelings sal dikwels voorkom a.g.v. private investering ✓✓
 - Integrering van grondgebruik en vervoerbeplanning sal lei tot 'n algemeen doeltreffende integrasie ✓✓
 - Doelmatige verstedeliking lei tot doeltreffende gebruik van die land en bevordering van 'n effektiewe vervoerstelsel ✓✓

2. NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONES (NOS's)

- Geografies ontwerpte, doelwit-ontwerpte nywerheidslandgoedere wat dienste voorsien, ontwerp vir uitvoer-georiënteerde nywerhede ✓✓
- Fisies omhein en verbind aan 'n internasionale lughawe of hawe ✓✓
- Spesifiek ontwerp om nuwe beleggings in uitvoergedrewe nywerhede aan te moedig ✓✓
- Val buite plaaslike doeanegebiede en in staat om items vry van doean- en handelsbeperkings in te voer, voeg waarde by, en voer dan hul produkte uit ✓✓
- Ontwikkeling en bestuur gedoen deur privaat sektor ✓✓
- Owerheid se NOS-beleid ontwerp om uitvoere en werksgeleenthede te bevorder ✓✓
- NOS's se doelwit is aanmoediging van ekonomiese groei – trek buitelandse belegging na nywerheidsontwikkeling – fasiliteer internasionale mededingendheid rakende vervaardiging ✓✓ (Maks 30)

FINANSIËLE DRYFVEER/AANSPORING:

- Klein en Mediumondernemingsontwikkelingsprogram (KMOOP) ✓✓ 'n aansporing wat 'n belastingvrye kontanttoelae vir belegging in nywerhede in Suid-Afrika toestaan ✓✓ bv. Vervaardiging, landbou, verwerking, akwakultuur en toerisme ✓✓
- Kritieke Infrastruktuur Program (KIP) ✓✓ 'n belastingvrye kontanttoekenning as aansporing vir projekontwerp om kritiese infrastruktuur in Suid-Afrika te ontwerp ✓✓ bv. installering, konstruksie van infrastruktuur, betaling van werknemers, materiale direk verbruik gedurende installering ✓✓
- Tariefvrye aansporings (vir besighede wat werk in die NOS's) ✓✓ Gerig op 'n uitvoergeoriënteerde vervaardiging om mededinging te vergroot ✓✓ en verbeter

buitelandse en plaaslike direkte investering ✓✓

- Buitelandse Investerings-toekenning (BIT) ✓✓ 'n kontanttoelae vir buitelandse beleggers wat in nuwe vervaardigingsbesighede in Suid-Afrika investeer ✓✓ vergoed vir koste om nuwe masjinerie en toerusting vanaf buiteland na SA te vervoer ✓✓
- Kritieke Infrastruktuurprogram (KIP) ✓✓ trek belegging uit plaaslike en buiteland na die volgende nywerheidssektore: vervaardiging, rekenaars, navorsing en ingenieurswese ✓✓
- Vaardigheidsondersteuningsprogram (VOP) ✓✓ kontanttoelae vir vaardigheidsontwikkeling wat groter belegging in opleiding oor die algemeen aanmoedig en ontwikkeling van nuwe, gevorderde vaardighede aanmoedig ✓✓
- Swart Besigheidsverskaffer-ontwikkelingsprogram (SBVOP) ✓✓ aansporing bestaan uit 80%-kontanttoelae ✓✓ verskaf aan swart-beheerde ondernemings toegang tot opleiding om bestuurseffektiwiteit te verbeter by hul ondernemings. ✓✓

(Maks 10)

SLOT

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat verskillende inisiatiewe deel vorm van Suid-Afrika se Streeks Nywerheidsontwikkelingsprogram ✓✓ (Maks 2)

Gebruik die volgende assesseringsruim saam met die bogenoemde bespreking:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 - 15)
3	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 - 30)
5	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek en verbind die feite korrek met die onderwerp. (31 - 45)

[50]

VRAAG 10**Bespreek die maatreëls wat omgewingsvolhoubaarheid verseker.****[50]****INLEIDING**

- Volhoubare ontwikkeling beteken om te voorsien in die behoeftes van die huidige generasie sonder om die behoeftes van toekomstige generasies in gevaar te stel ✓✓✓ **OF**
- As besoedelingsvlakke en omgewingsagteruitgang te hoog is, en die vryemarkstelsel het gefaal om optimale gebruik van die omgewing daar te stel, kan die owerheid inmeng en beheer neem ✓✓✓

Aanvaar enige ander relevante inleiding

(Maks 3)

INHOUD**1. Marktoekenning** ✓✓• **Markmislukking** ✓✓

- Omgewing is 'n algemene hulpbron ✓✓
- Baie dele van die omgewing word nie privaat besit nie en het die eienskappe van nie-uitsluitbaarheid ✓✓
- Omgewingshulpbronne is skaars en daar is mededinging in hul gebruik ✓✓
- By 'n zeroprys sal hierdie hulpbronne oorbenut word ✓✓

• **Eksternaliteite** ✓✓

- Koste word dikwels gedra deur ander ✓✓
- Hoe groter hierdie eksterne koste, hoe laer die sosiale doelmatigheidsvlak van produksie ✓✓
- Daar is niemand wat eiendomsregte oor die omgewing afdwing nie ✓✓

• **Gebrek aan kennis** ✓✓

- Mense veroorsaak omgewingskade sonder om dit te besef ✓✓
- Hierdie gevolge bou op oor 'n periode van tyd wat buitengewone skade aan die omgewing aanrig ✓✓

• **Agtelosigheid** ✓✓

- Verbruikers en besighede is dikwels bereid om voort te gaan met verskeie benadelende praktyke ✓✓
- Hierdie omgewingsgevolge word dikwels gelaat vir toekomstige generasies om te hanteer ✓✓

2. Openbaresektor-betrokkenheid ✓✓

• Toekenning van eiendomsregte ✓✓

- Dit verseker dat mense omgee vir die dinge wat aan hulle behoort ✓✓
- (bv.) Kyoto Protokol ✓✓
- waar ontwikkelde lande besluit het om finansiële bystand aan ontwikkelende lande te bied omdat hulle minder besoedeling veroorsaak ✓✓
- Die ontwikkelde lande betaal dus vir die reg om te besoedel ✓✓

• Heffings vir die gebruik van die omgewing ✓✓

- Die prysing van die omgewing is een metode gebruik deur die owerheid om omgewingsheffings in te stel ✓✓
- Owerhede hef 'n fooi op verbruikers en produsente vir die afval (solied, vloeistof, gas) wat hulle in die omgewing stort ✓✓
- Die beste resultate word verkry as hierdie heffings proporsioneel tot die afval is wat hulle produseer ✓✓

• Omgewingsbelasting ✓✓

- 'n Belasting kan ingestel word op die produksie of verbruik van 'n goed, waar ookal eksterne omgewingskoste ontstaan het ✓✓
- Dit staan bekend as groenbelasting ✓✓ bv. bande ✓✓
- Die belastingkoers behoort gelyk te wees aan die marginale eksterne koste ✓✓

• Omgewingsubsidies ✓✓

- Hierdie subsidies verminder aktiwiteite wat omgewingskade veroorsaak ✓✓
- Hierdie koste word gedek deur belasting ✓✓
- Subsidies kan toegestaan word vir ontwikkeling van nuwe tegnologie en toerusting ✓✓
- Moedig produksie van omgewings-vriendelike subsidies aan ✓✓
- Moedig herwinning van afval soos bottels en karton aan ✓✓

• Bemerkbare permitte ✓✓

- Owerhede wil 'n heffing plaas op besoedeling (eksternaliteit) en dit kan lei tot 'n belasting wat daarvoor moet vergoed ✓✓
- 'n Lisensie (krediete) of permit word aangebied aan besighede wat hulle toelaat om hul lisensies aan ander besighede te verkoop ✓✓
- Lisensies of permitte of krediete word verhandel in 'n permitmark ✓✓

3. Openbaresektor-beheer ✓✓

- Somtyds moet die owerheid direkte beheer neem ✓✓
- Dit kom voor deur kontrole en beheer ✓✓ of vrywillige ooreenkomste ✓✓ of onderwys ✓✓

4. Internasionale maatreëls ✓✓

- Die wêreld se grootste bekommernis is die verlies aan biodiversiteit, toksiese en nadelige afval en aardverwarming ✓✓
- Suid-Afrika is 'n ondertekenaar van 'n verskeidenheid internasionale ooreenkomste wat handel met omgewingsake en omgewingsvolhoubaarheid ✓✓
- Die Wêreldbank, IMF, Verenigde Nasies streef na die ondersteuning en samewerking van alle lande in hul geveg teen omgewingsverval ✓✓
- Bv. m.b.t. internasionale samewerking is Rio-beraad van 1992 ✓✓ Johannesburg Beraad 2002 ✓✓ en Kyoto Protokol oor klimaatsverandering (1997 en 2005) goeie voorbeelde ✓✓

(Maks 40)

SLOT

Drukgroepe soos die Groenparty en Vriende van die Aarde het nywerhede gedwing om hul bestuurders aan te moedig om omgewingsverantwoordelikheid te integreer in hul besighede se besluitneming ✓✓ (Maks 2)
Aanvaar enige ander relevante samevatting.

Gebruik die volgende assesseringsruit saam met die bogenoemde bespreking:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip vir die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek en verbind die feite korrek met die onderwerp. (31 – 45)

[50]

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300